NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor HIV/Vigs

Verwysingsnommer	2P/2.18
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Kampusrektore en Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaalontwikkeling
Beleideienaar	Kampus HIV/Vigs kantore
Verantwoordelike afdeling	Kampus HIV/Vigs kantore
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	22 September 2006
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2010
Webadres van die beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index_a.html
Adres op die beleiddatabasis	AMANDA.VANDERMERWE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\2p-2.18-hiv_a.docx

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid oor HIV/Vigs

1 Aanhef

As ‘n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ‘n unieke institusionele kultuur gebaseer op die waardes wat deur die Universiteit voorgestaan word, het die Noordwes-Universiteit hierdie Beleid oor HIV/Vigs op 22 September 2006 aanvaar.

2 Vertrekpunt

Die Noordwes-Universiteit erken dat Suid-Afrika, saam met die res van die kontinent, ‘n verwoestende HIV en Vigs-pandemie ervaar. Die Universiteit erken ook dat HIV en Vigs nie net ‘n gesondheidskwessie is nie, maar een wat die hele Universiteitsgemeenskap en die breër gemeenskap op elke moontlike manier raak. Die Universiteit is daartoe verbind om ‘n aktiewe rol in sy gemeenskap te speel om die uitwerking van HIV/Vigs te versag.

3 Mikpunt en doelwitte

Mikpunt: Om die Noordwes-Universiteit te mobiliseer om met sensitiwiteit, toepaslik en doeltreffend op te tree ten opsigte van die HIV/Vigs-pandemie deur middel van sy kernfunksies van onderrig/leer, navorsing, implementering van kundigheid, en deur die voortsetting van HIV/Vigs-intervensies, naamlik voorkoming, behandeling, sorg en steun.

Doelwit: Om ‘n raamwerk te skep met die volgende resultaat-areas:

a) Verskaffing van doeltreffende leierskap en die vermoë om die HIV/Vigs-pandemie te bestuur;

b) Ontwikkeling en implementering van voorkomings- en intervensieprogramme en –aktiwiteite;

c) Ontwikkeling, implementering en verskaffing van doeltreffende sorg en ondersteuning op ‘n holistiese manier;

d) Ontwikkeling en verskaffing van onderrig en toepaslike beroepsvaardighede aan ‘n wêreld met HIV/Vigs;

e) Fasilitering en onderneming van die ontwikkeling van relevante navorsing en kennisskepping;

f) Skepping en voorsiening van geleenthede vir die versterking van vennootskappe op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

4 Toepassingsomvang

Hierdie beleid is van toepassing op alle huidige en voornemende personeellede en studente van die Universiteit.

5 Rigtinggewende beginsels

Die volgende waardes rig hierdie beleid met betrekking tot die visie en missie van die Universiteit:

- Daar sal nie gediskrimineer word teen mense wat met HIV/Vigs leef, om toegang tot opvoeding en/of werkgeleenthede by die Universiteit te verkry nie, en die regte van sowel geïnfekteerdes as ge-affekteerdes sal beskerm word;
- Mense wat met HIV/Vigs leef het die reg tot waardigheid, respek, outonomie en privaatheid wat hulle HIV/Vigs-status betref; stigma en vooroordeel sal aktief teengestaan word;
- Die beleid mag stereotipes op geen manier perpetueer nie;
- HIV/Vigs moet in die sosiale konteks daarvan verstaan en aangespreek word; gepaste strategieë vir die versorging en behandeling van mense wat met HIV/Vigs leef is noodsaaklik;

- Die Universiteit sal meehelp om te verseker dat die vertroulikheid van individue se HIV/Vigs-status beskerm word – enige vertroulikheidsbreuk sal onderworpe wees aan die volle strekking van die beskikbare regsremedies;
- Die Universiteit sal nie spesifieke inligting met betrekking tot die HIV/Vigs-status van 'n personeellid of student van die Universiteit bekendmaak sonder daardie personeellid of student se skriftelike toestemming nie.

Regsraamwerk

Hierdie beleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van bestaande wetgewing (soos van tyd tot tyd gewysig); dit is van toepassing op sowel die Universiteit se personeellede as studente. Dit sluit die volgende in, maar is nie beperk daartoe nie:

Kode van Goeie Praktyke oor Sleutelaspekte van HIV/Vigs en Indiensneming, No. R. 129,8 1 Desember 2000

- Die Grondwet van Suid-Afrika Wet 108 van 1996;
- Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1996;
- Die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1999;
- Die Wet op Beroepsgesondheid en –Veligheid 85 van 1993; en
- Die Wet op Kompensasie vir Beroepsbeserings en –siektes 130 van 1993.
- Die Wet op Basiese Voorwaardes vir Indiensneming 75 van 1997
- Die Wet op Mediese Skemas 131 van 1998
- Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie 4 van 2000
- Die Universiteit se Werknemers-bystandsprogram
- Die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede 97 van 1998
- Die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998

Nasionale beleidsontwikkelings, wat die volgende insluit, maar nie beperk is daartoe nie:

- Die Departement van Arbeid se Riglyne vir Werkgewers
- Die Departement van Opvoeding (Nasionale Beleid oor HIV/Vigs vir Leerders en Opvoeders in Openbare Skole, en Studente en Opvoeders aan Instellings vir Verdere Onderrig en Opleiding, 1999)
- Die Departement van Gesondheid (HIV/Vigs en die STD Strategiese Plan vir Suid-AFrika, 2000-2005)

6 Beheer, bestuursrolle en aanspreeklikheid

- Die Raad is verantwoordelik vir die bestaan en monitering van die implementering van die Beleid oor HIV/Vigs.
- Die Institusionele Bestuur is verantwoordelik vir die koördinering, implementering en realisering van hierdie beleid reg deur die hele Universiteit ten opsigte van die nodige prosessisteme, prosedures en hulpmiddels.
- Die kantoor van die Kampus-rektor is verantwoordelik vir die implementering en uitvoering van die beleid met betrekking tot spesifieke behoeftes op die betrokke kampus.
- Die betrokke HIV/Vigs-advieskomitee van elke kampus sal daardie kampus se HIV/Vigs-kantoor lei en adviseer, en terselfdertyd die uitvoering van strategiese en operasionele planne van die beleid ondersteun.
- Lynbestuurders op elke kampus (bv. bestuurders van steundienste soos Studentesake en Menslike Hulpbronne, asook akademiese bestuurders van Skole en Navorsings-fokusareas) is as deel van hulle taakooreenkomste regstreeks verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid, prosedures, operasionele planne en die verspreiding van hulpbronne.
- Die Kampus se HIV/Vigs-kantoor sal die implementeringsproses op kampus-vlak koördineer, moniteer en evalueer, as sekretariaat vir die uitvoering van die beleid optree en aan die Kompus-rektor van die betrokke kampus rapporteer.

7 Beleidsoorsig

HIV/Vigs is nie staties nie en die beleidsmaatreëls wat aspekte van die pandemie aanspreek na gelang van die uitwerking daarvan op die inrigting, moet van tyd tot tyd hersien word. Die Universiteit sal hierdie beleid dus op ‘n gereelde grondslag hersien.

Hierdie beleid moet gelees word tesame met die omvattende strategiese en implementeringsprosedure en –regulasies vir HIV/Vigs.

Oorspronklike gegewens: AMANDA.VANDERMERWE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\2p-2.18-hiv_a.docx
2010-01-22